Genesis 13 – God herhaal sy belofte van die land en ‘n groot nageslag aan Abram

Hierdie hoofstuk vertel vir ons van die feit dat Abram as ‘n geseënde man terugkom uit Egipte – 13:1-4 – maar dan in die uitdaging wat sy rykdom en ‘n botsing van belange met sy broerskind inhou, vasloop – 13:5-7. Dié uitdaging word aan die een kant in ‘n gesprek tussen Abram en Lot beslis waarin Lot die beste deel van die land kies – 13:8-13 – maar dan ook aan die ander kant tot ‘n verdere bepalende belofte van die Here lei in terme van land en nageslag – 13:14-18. Abram erf eintlik die hele aarde, en sy nageslag verwerf ‘n unieke status as die geseëndes van die Here.

Abram trek terug na Kanaän – 13:1-4

Abram trek terug uit Egipte na Kanaän om die roeping wat die Here vir hom het, opnuut op te neem. Ten spyte van sy liederlike lafhartige leuens in die krisis van hongersnood leer hy dat God vertrou kan word selfs wanneer dit broekskeur gaan.

Hy kom as ‘n ryk man terug uit Egipte! Hoeveel besittings hy reeds gehad het, en hoeveel farao vir hom gegee het, kan ‘n mens nie sê nie, maar dit is duidelik dat sy rykdom uiteindelik substansieel was. Hy was ryk aan vee, silwer en goud.

Abram trek weer van plek tot plek en roep die Naam van die Here aan in die land.

Abram word uitgedaag deur rykdom en ‘n botsing van belange – 13:5-7

Gou word Abram egter voor ‘n volgende toets gestel, hoe om ‘n vreedsame naasbestaan te verseker met sy nefie Lot wat ook self ‘n groot rykdom opgebou het. Hulle rykdom het ‘n botsing van belange teweeg gebring. Die katalisator vir die krisis was ‘n getwis tussen hulle veewagters.

Hierdie konflik laat ’n mens diep nadink oor die wedywering oor grond, soos ons in ons land nou alreeds ’n paar eeue ervaar. Trouens, grond is iets wat regdeur die wêreld ’n kritiese rol speel in die handhawing van goeie onderlinge verhoudinge, al dan nie. Sonder ‘n tuiste in die land waar jy woon, kan niemand ’n gelukkige naasbestaan met ander hê nie.

Twee belangrike gesprekke beslis die uitkoms van dié krisis tussen hulle. Die eerste is die gesprek tussen Abram en Lot waarin Lot die beste deel van die breër landstreek van Kanaän kies in die Jordaanvallei – 13:8-13. Die tweede is die gesprek tussen die Here en Abram waarin die Here sy belofte van seën herhaal in terme van ‘n tuiste in die land en ‘n toekoms vir sy nageslag – 13:14-18.

Die gesprek tussen Abram en Lot – 13:8-13

‘n Mens leer uit Lot se keuse dat wat op die oog af na ‘n: “*tuin van die Here*” lyk (let op die parallel met die tuin van Eden!), en boonop vir Lot herinner aan die plek waarvandaan hulle

so pas gekom het, "*soos Egipte*", dat dit nie altyd die beste keuse is nie. Die skrywer se kort opmerking oor Sodom laat 'n rilling by jou ruggraat afgaan: "*Die inwoners van Sodom was sleg: hulle het baie gesondig teen die Here.*" En, 'n mens weet wat kom met die verhaal van Lot se ontvoering (Gen. 14) en sy uiteindelike verlossing uit die ramp wat Sodom en Gomorra tref (Gen. 19).

Die gesprek van die Here met Abram – 13:14-18

Wanneer Abraham beteuterd agterbly met die droër dele, is dit asof 'n mens die idioom hoor: *"Nice guys come second"*. Dit is egter presies hoe God baie keer werk deur dié een wat in die skadu gestel word, van 'n blywende oplossing te voorsien.

Die Here nooi Abram uit om 'n "*bird's eye view*" te neem, want die Here gee vir hom die land rondom hom, vir sover as wat hy kan sien: "*Die hele land* (aarde?) *wat jy sien, gee Ek vir altyd aan jou en jou nageslag.*" (onthou dat die woord vir land en aarde presies dieselfde is …).

Aan die belofte van land word ook die belofte van 'n nageslag gekoppel. Al sou Lot, sy broerskind, nou nie meer noodwendig sy erfgenaam wees nie, het die Here nog nie sy plan laat vaar nie om 'n nageslag vir Abram te voorsien waarin die hele aarde geseën sal word: "*Trek nou deur die land, deur se lengte en breedte, want Ek gee dit vir jou.*"

Hierdie keer gehoorsaam Abram die Here en gaan woon by die groot bome van Mamre by Hebron waar hy 'n altaar vir die Here bou om Hom te aanbid. Die Amoriet Mamre, saam met sy twee broers, sou vir Abram ondersteun om Lot te gaan red in die volgende hoofstuk. Hy het dus ook goeie buurmanskap in Mamre gevind.

Boodskap

Een van die wonderlike aspekte van hierdie verhaal in Genesis 13 is die interessante ooreenkomste wat daar met ander Bybelse verhale is. Daar is bv. ooreenkomste met die verhaal van die slawerny in Egipte en die Uittog terug na die land Kanaän sowel as met dele van die verhaal van die koms van die koninkryk in die NT.

- Dink aan die swaar plae van Genesis 12 wat die farao oortuig het om Sarai vir Abram terug te gee, en die soortgelyke plae in Eksodus 7-12 wat die farao oortuig het om die volk van Israel te laat trek na die beloofde land. 'n Mens sien dieselfde proses in die plae van die eindtyd in Openbaring – vgl. veral die inhoud van die trompette – wat die finale koms van die koninkryk van God voorafgaan (Openb. 6-16). Dit is waarom Jesus ook vir ons geleer het om nie net negatief te kyk na allerhande "*plae*" wat die wêreld tref nie: "*Al hierdie dinge is geboortepyne, die begin van die nuwe tyd.*" (Matt. 24"8).

- Dink aan die rykdom waarmee Abram terugkeer na Kanaän en dieselfde gebeure in die Uittog, soos in Eksodus 12:35-36. 'n Mens sien dieselfde proses in die terugkeer

uit ballingskap, hoewel dit daar as ‘n vrywillige gawe geteken word wat deur koning Kores as ‘n proklamasie uitgereik is (Esra 1:2-11). Geen wonder dat Jesus ons aanraai om eerder op God en die koms van sy koninkryk te fokus, want: “*dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.*” (Matt. 6:33).

Die verhaal nooi ons dus uit om hierdie verhaal nie net te sien as ‘n beskrywing van God en die pad wat Hy met mense stap in die verlede op spesifieke geleenthede nie, maar as voorbeeldverhale van die pad wat Hy met alle gelowiges stap.

Jy kan dit self van toepassing maak op die konflikte wat jy tans beleef, sowel as die uitdagings wat ons in ons land het.

Genesis 14 – Abram seën en straf nasies op die wêreldverhoog

Die volgende uitdaging wat Abram moet trotseer is die direkte resultaat van Lot se keuse om die Jordaanstreek te kies en uiteindelik in Sodom te gaan bly. Hy word kort daarna opgevang in ‘n spiraal van konflik waarin vier konings van die breër Mesopotamiese gebied oorlog gemaak het teen die vyf konings van die Jordaanstreek:

- ***Mesopotamië***: Koning Amrafel van ***Sinar*** (Babilonië), koning Arjok van ***Ellasar*** (moontlik van die stad Assur in Assirië), koning Kedorlaomer van ***Elam*** (vandag Iran), en koning Tidal van ***Gojim*** (dit beteken “*nasies*” – dit kan ‘n onbekende aantal nasies voorstel, anders is die streek verder onbekend).

- ***Jordaanstreek***: koning Bera van ***Sodom***, koning Birsa van ***Gomorra***, koning Sinab van ***Adma***, koning Semeber van ***Sebojim***, en die koning van Bela, dit is ***Soar***. Die geveg vind plaas in die Siddimvlakte wat in Israel as die Soutsee en vandag as die Dooie See bekend is.

Die rede vir die oorlog was die rebellie van die nasies van die Jordaanstreek wat vir twaalf jaar lank onderhorig was aan Kedorlaomer en nou nie meer aan hom “*belasting*” wou betaal nie. Die vier konings het teen hulle opgetrek en ‘n hele aantal volke verslaan voor hulle by die konings van die Jordaanstreek uitgekom het.

Die ***Refaïete*** (“*reuse*” – vgl. Deut. 2:10-11; 3:11-13 – koning Og, ‘n Refaïet, het ‘n ysterbed van 4×2 meter gebruik!), die ***Sussiete***, die ***Emiete***, die ***Goriete*** (het Edom vóór Esau bewoon), die ***Amalekiete*** (hulle was volgens Gen. 36:12 eintlik afstammelinge van Esau, wat dié verwysing onseker maak, behalwe as dit verwys na die Amalek waarna Bileam as die “*eerste van die nasies*” in Num. 24:20 praat, wat sin van dié verwysing sou maak) en die ***Amoriete*** (nomadiese groep waarvan Mamre deel was) het dit in die proses ontgeld voor ook die konings van die Jordaanstreek dit moes ontgeld en gevlug het. Sommige het in die asfaltgate omgekom. Ander het in die berge gaan wegkruip. Lot en en al sy besittings is in die proses gebuit en ontvoer.

Abram snel hulle egter te hulp saam met die drie Amoritiese broers, Mamre, Eskol en Aner. Hy val die Mesopotamiese konings van verskillende kante aan met al sy volgelinge en dryf hulle terug tot by Goba, noord van Damaskus (Sirië) en kry al die nasies se besittings, sowel as Lot-hulle, terug.

Dit is egter nie 'n blye wedersiens nie, want ons lees hier van geen verdere kontak tussen Lot en Abram nie. Abram sou wel later vir hom intree en verlos van die dreigende oordeel van God (Gen. 19). Die moontlikheid dat Lot deel van die nageslag van Abram sou kon word deur van hom te erf, word hiermee van die tafel gehaal.

Daar is twee baie betekenisvolle interaksies aan die einde van die hoofstuk.

- ***'n Interaksie tussen die koning van Sodom en Abram***, van wie Abram egter niks wil neem nie – nie eers 'n garingdraad of 'n skoenveter nie! Netnou dink die koning van Sodom dat hy op 'n manier vir Abram se sukses verantwoordelik is en 'n aanspraak op Abram kan maak. Abram vra egter wel dat die koning van Sodom sy buurman en sy broers seën met hulle deel van die buit.

- ***'n Interaksie tussen Melgisedek en Abram***. Melgisedek was die koning van Salem (Jerusalem) en 'n priester van God die Allerhoogste (Eljôn). Hy neem brood en wyn (nagmaalsimbole!) en seën vir Abram. Abram gee vir hom daarop 'n tiende van alles as erkenning van God se rol in die oorwinning.

Let op hoe Abram groei in sy verwoording van wie die God is wat Hy dien. Hy praat van Hom as die Here, as God die Allerhoogste en baie pertinent as: "*Skepper van hemel en aarde.*" En hy raak 'n internasionale rolspeler wat seën en straf in die naam van dié God wat hom geroep het om tot 'n seën op die wêreldverhoog te wees.

Lees meer oor Melgisedek in my bydrae oor Psalm 110 en die NT verbintenis aan die Here Jesus Christus in my bydrae oor Hebreërs.

Boodskap

'n Mens word soms in 'n konflik betrek sonder dat jy daarvoor vra. Abram sou goeie rede gehad het om Lot aan sy eie lot oor te laat – "*pun intended*"! Die ding is net, God se belofte aan Abram was dat hy tot 'n seën van die nasies bedoel was. Met dié konflik is hy dus ingetrek op die wêreldverhoog tussen 'n hele klomp nasies, iets waarvoor hy nie kon nee sê nie.

Abram word dus 'n seën vir die nasies – Sodom en Gomorra, kan jy nou meer! – in die poging om sy broerskind te red, sowel as sy Amoritiese buurman, Mamre, met wie hy 'n verdrag gesluit het om mekaar onderling by te staan. Hy straf ook dié nasies wat hulle grense oorskry en ander verdruk. Hy sorg dat geregtigheid geskied, selfs vir Sodom wat sleg was, en baie gesondig het teen die Here (Gen. 13:13).

Die konflik was dus ‘n toets vir sy bereidheid om sy lewe op die spel te plaas om “*tot ‘n seën vir die nasies te wees.*” En in die proses ook geregtigheid te laat seëvier deur dié nasies te straf wat ander verdruk. Abram slaag daarmee in sy bestaansdoel.

Genesis 15 – Die Here belowe beskerming en beloning in ‘n verbond met Abram

Die wyse waarop God met Abram in gesprek tree regdeur sy lewe, val ‘n mens op weens die ***wederkerigheid*** daarvan – dit is regtig ‘n heen-en-weer gesprek – sowel as die ***diverse maniere*** waarop dit geskied. ‘n Mens lees in Genesis van ten minste vier maniere waarop dié gesprekke verloop:

- Soms lees ‘n mens dat die Here vir hom iets “***gesê het***” (Gen. 12:1; 13:14; 21:12; 22:1) sonder enige verduideliking van hoe dit presies gebeur het.
- Soms **roep** die Engel van die Here na Abram en gee hom ‘n opdrag (Gen. 22:11) en beloftes (Gen. 22:15 vv.) waar dit ook duidelik is dat dit die Here self is (Gen. 22:16).
- Soms **verskyn** die Here aan Abram (Gen. 12:7; 17:1 – let op dat God ook weer van hom af “*weggaan*” soos ‘n mens in 17:22 lees – wat waarskynlik in een of ander gestalte was, soms duidelik in die gestalte van drie mans (Gen. 18:1).
- In Genesis 15 kom die woord van die Here na Abram in ‘n **gesig** – die enigste keer wat dit só vertel word – wat ‘n hele aantal verskillende gesprekke, maar ook aksies insluit. Die Here wys vir Abram die *sterre* en gebruik dit as ‘n woord aan hom. Die Here beveel hom om ‘n aantal *diere* te bring en gebruik dit om sy verbond met Abram te sluit.

Dit help dus om die perikoop te lees aan die hand van die verskillende gespreksmomente soos dit wissel tussen die Here en Abram. Dit gee jou ‘n goeie idee hoe die Here inisiatief neem en die aktiewe agent is in die gesprek. Maar, dit gee jou ook ‘n idee van hoe toeganklik die Here is om die kommer en behoeftes van Abram te akkommodeer, meer nog, oorvloedig daarin te voorsien, selfs meer as wat Abram homself kan indink.

Die Here belowe beskerming en beloning aan Abram – 15:1

Met die verskyning in die vorm van ‘n gesig stel die Here Abram gerus met die belofte van sy **beskerming** – onthou hy was net tevore in ‘n oorlog gewikkel – en ‘n baie groot **beloning**: “*Jou beloning sal groot wees.*” Dit verwys waarskynlik terug na sy weiering om deur die koning van Sodom beloon te word vir sy dapper oorwinning oor Kedorlaomer. God sien sy afhanklikheid van Hom alleen raak en belowe dat Hy hom sal beloon.

Abram vra ‘n kind van die Here – 15:2-3

Abram se reaksie daarop is dat hy onseker is of dié beloning regtig kinders sal insluit. Hy begin dink dat hy kinderloos sal sterf en dat sy slaaf sy besittings sal erf. Hy herhaal dit twee keer om die kommer in sy hart te onderstreep. Abram vra 'n kind van die Here.

Die Here belowe 'n nageslag so ontelbaar soos die sterre – 15:4-5

Die Here ruime enige onsekerheid egter uit die weg en belowe dat hy 'n regtige kind as erfgenaam sal hê. Trouens, die Here neem hom buitentoe en gebruik die voorbeeld van die ontelbare sterre om hom 'n idee te gee van hoé groot God se beloning in terme van 'n nageslag sal wees.

Dit ontlok by Abram 'n fundamentele geloofsreaksie wat die basis word vir God se verhouding met die mens, soos ons dit op verskeie plekke in die OT sowel as die NT raaklees.

Abram het in in die Here geglo en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken – 15:6

Die skrywer sê vir ons:

"*Abram het toe in die Here geglo, en die Here het dit goedgevind dat Abram so volgens die wil van die Here gehandel het.*" (NAV). Die laaste deel van dié vertaling is egter 'n bietjie wyd van die oorspronklike teks af. Die oorspronklike Hebreeus lui só, as 'n mens dit meer letterlik vertaal:

*"En hy het in die Here geglo; en **Hy het hom dit tot geregtigheid gereken**." (OAV).*

Drie opmerkings hieroor:

- Dat Abram: "*in die Here geglo*" het, beteken waarskynlik in die konteks dat Hy die Here se belofte van 'n nageslag as die waarheid aanvaar het. Hy het: "*amen*" gesê daarop. Hy het die Here as betroubaar geag om te doen wat Hy belowe. Daarmee help Abram ons verstaan wat geloof is. Dit is om God te vertrou. Dit is om op God staat te maak. Dit is om Hom te gehoorsaam, omdat sy woorde en beloftes as waar en eg beskou word.

- In hierdie verband beteken: "*tot geregtigheid gereken*" waarskynlik iets soos: "*as bewys van lojaliteit gereken*" (Wenham) of as: "*evidence of steadfast commitment*" (NET Bible), soos dieselfde frase in Ps. 106:31, die enigste ander voorkoms van dié frase in die OT, gebruik word. Abram se geloof is deur God as geregtigheid gereken. Dit kon die Here sien in Abram se gehoorsaamheid aan die rol wat die Here hom op die wêreldverhoog gegee het. Hy het dié rol met passie en vasberadenheid uitgevoer. En die Here ag dit as 'n bewys van sy lojaliteit, van sy geloof. Daarom reken God dit vir hom as geregtigheid.

- Paulus sal veel later hierdie tipe: "*geregtigheid*" met die vryspraak wat God gee vir dié wat in Hom glo, in verband bring (Rom. 4:3). Hy haal Abraham se voorbeeld uit

Genesis 15:6 as volg aan: "*Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken.*" (let op dat hy nie die woordjie "*in*" gebruik nie!). Paulus verbind dan dié geregtigheid aan die vergifnis van sonde (Rom. 4:6-8, waarin Paulus Ps. 32:1-2 aanhaal) wat gelowiges in die regte verhouding met God bring.

Dit is dus 'n geweldige belangrike geestelike beginsel wat hier vir ons neergelê word. God spreek elke gelowige vry van sy skuld en sonde enkel en alleen binne 'n verhouding waarin die gelowige God as betroubaar ag om te doen wat Hy belowe.

Die Here belowe vir Abram die land Kanaän – 15:7

In taal wat herinner aan die inleiding van die Tien Gebooie bevestig die Here dat dit Hy is wat vir Abram uit Ur van die Galdeërs laat trek het om hierdie land aan Abram as besitting te gee.

Abram vra hoe hy sal weet dat hy Kanaän sal besit – 15:8

'n Mens kan nogal identifiseer met Abram se vraag: "*Hoe sal ek weet dat ek dit sal besit, Here my God?*" Dit is nie asof hy die Here se woord betwyfel nie, maar eerder dat hy iets wil hê wat hom sal staande hou in die tye wanneer die Here nie naby is nie. Hy soek dus 'n teken waaraan hy kan vashou.

Die Here beveel hom om offerdiere te bring – 15:9

Die Here gee vir Abram egter 'n teken wat baie meer is as waarop hy gereken het. Die Here sluit met hom 'n verbond wat nie net vir hom en sy nageslag van betekenis sou wees nie, maar vir alle gelowiges regdeur die eeue. Die betekenis van hierdie verbond kan nie oorskat word nie.

Die redes waarom die Here vir Abram vra om drie diere – 'n vers, 'n bok en 'n skaapram, almal drie jaar oud en twee voëls – 'n tortelduif en 'n jong duif – te bring, is nie duidelik nie. Al vyf diere is gereeld in die offerkultus gebring, en kom ook ooreen met Abel se vroeëre offer uit sy kudde. Maar hoekom hulle drie jaar oud moes wees, en waarom twee duiwe, word nie verklaar nie.

Abram bring die diere en wag op die Here al kos dit al sy kragte – 15:10-12

Abram het dit alles vir die Here gebring en dit middeldeur gesny. Weereens weet ons nie waarom dié gebruik gevolg is nie. Sommige dink dat die bedoeling was dat Abram en God as't ware tussen die twee karkasse sou deurloop om daarmee uit te druk dat die lot van dié diere die een sou tref wat dié verbond verbreek, soos dit soms in die Ou Nabye Ooste met kontrakte gebeur het. Omdat dit egter nie gebeur het in dié geval nie, want dit is slegs 'n "*oond*" (moontlik eerder 'n *"pot")* en 'n "*fakkel*" wat tussen die stukke vleis deurgaan, is dit nie seker nie.

Wat van groter belang is dat dié proses vir Abram uitmergelend was. Nie net het roofvoëls op die karkasse begin toesak nie, maar hy het moeite gehad om wakker te bly, amper soos die dissipels in die tuin van Getsemane. Innerlik en uiterlik het hy 'n groot uitdaging beleef: "*Angs en 'n groot donkerte het hom oorweldig.*" Die oomblik het vir hom eintlik te veel geraak, sodat die verbond wat hierna gesluit is, net van God alleen afkomstig was. God was die enigste wat dié verbond kon sluit, en die enigste wat die verbond in stand kon hou.

God sluit 'n verbond met Abram – 15:13-21

Die teken aan Abram kom in die vorm van 'n uitvoerige belofte vir die toekoms wat met die verbondsluitingseremonie bevestig word.

Die Here begin by die slawerny in Egipte en stel dit as 'n feit dat dié ontwrigtende tydperk die besit van die land sal voorafgaan. Hulle vreemdelingskap sal vier honderd jaar lank duur, waarna die Here die onderdrukkers sal straf en sy nageslag met baie besittings van daar af sal laat wegtrek. Abram self sal in vrede sterf.

Dit lyk asof die rede vir die uitgestelde belofte lê in die feit dat God tans nog geduld aan die dag lê met die huidige bewoners van Kanaän, hier aangedui as die Amoriete, maar dat dit in die toekoms sal verander. Levitikus sal later in die lys van seksuele voorskrifte spesifiek noem dat die Kanaäniete die land verontreinig het en dat die Here gesorg het dat die land hulle "*uitspoeg*" (Lev. 18:24-30). Daarom word hulle gewaarsku om die afstootlike gebruike van die vorige inwoners te vermy en hulleself rein te hou sodat dieselfde lot hulle nie tref nie.

Vers 16 word verkeerdelik vertaal as: "*Die vierde geslag **ná jou** sal hiernatoe terugkom.*" In die oorspronklike word net van die vierde geslag gepraat: "*En die vierde geslag sal hierheen terugkom.*"

As 'n mens kyk na Eks. 6:15-22 waar die opeenvolging van geslagte in Egipte beskryf word, sien 'n mens dat daar vier geslagte beskryf word. Die Uittog vind dan ook plaas in die tyd van die vierde geslag wat in Egipte gewoon het. Levi (137 jaar oud) was deel van die eerste geslag in Egipte. Sy seun Kehat (133 jaar oud) was die tweede geslag. Kehat se seun Amram (137 jaar oud) was die derde geslag en Moses en Aäron, kinders van Amram en Jogabed uiteraard die vierde geslag in Egipte en daarom ook die geslag van die Uittog.

Dit is waarna hierdie gedeelte in Genesis 15:16 verwys. In Genesis 15:13 word dié tydperk as vier honderd jaar geteken, waarskynlik 'n ronde getal (Eks. 12:40-41 gee 'n meer spesifieke tydperk van 430 jaar).

As teken van die Here se verbond met Abram gaan daar 'n: "*oond wat rook*" en 'n: "*fakkel wat brand*", tussen die stukke vleis deur waarmee die Here sy verbond met Abram sluit. Dit handel oor sy nageslag wat die land van Kanaän sal besit, beskrywe aan die hand van beide die geografie: "van Egiptespruit af tot by die Eufraat", sowel as in 'n tiental nasies wat dié

gebied bewoon het: Keniete (Jetro, Moses se skoonpa, se nasie), Kenissiete (Kaleb het waarskynlik vanuit dié nasie deel van Juda geraak – Num. 32:12; Jos. 14:6,14), Kadmoniete, Hetiete (in die omgewing van Hebron), Feresiete, Refaïete, Amoriete, Kanaäniete, Girgasiete en Jebusiete.

Genesis 16 – Abram val vir die versoeking om self ‘n nageslag te voorsien

Die skrywer herinner ons daaraan dat Abram al tien jaar in Kanaän is (Gen. 16:3). Abram het al baie ***vreugdes en versoekings*** ervaar soos ons agterkom uit ‘n “*kykweer*” van die verloop van sy verhaal tot hier.

Vreugdes en versoekings

1. Abram het die *vreugde* ervaar van gehoorsaamheid aan God se roeping met sy aankoms in die land. Hy het egter ook die uitdagende *versoeking* ervaar waarvoor die ontbering van hongersnood hom geplaas het toe hy uitgedryf is na Egipte. Hy faal jammerlik in die toets vir sy integriteit toe hy bang was Sarai se skoonheid sy einde sou beteken en ‘n leuen vertel wat tot groot skade vir almal gelei het (Gen. 12).

2. Abram het die *vreugde* ervaar van God se oorvloedige voorsiening – onthou dat farao onder andere daarvoor verantwoordelik is (Gen. 12:16). Die oorvloed het hom egter in konflik met sy ewe ryk broerskind Lot gebring wat tot ‘n skeiding van hulle weë gelei het. Hy weerstaan die *versoeking* om vir hom die beste deel te kies, en word daarom deur God in die gelyk gestel met ‘n asemrowende landsbelofte wat in wese alles insluit wat hy kan sien. ‘n Mens kan selfs moontlik die betekenis van die hele aarde daarin inlees (Gen. 13).

3. Abam het die *vreugde* ervaar van oorwinning in oorlog om sy broerskind uit die kloue van die Mesopotamiese konings te red, maar duidelik daaruit geleer dat Lot nie sy erfgenaam sou wees nie. Hy weerstaan die *versoeking* om hom te verryk uit die buit van Sodom en gee eerder ‘n tiende daarvan vir Melgisedek, die priester van die Allerhoogste (Gen. 14).

4. Abram het die *vreugde* ervaar dat God sy geloofsvertroue raakgesien het en met hom ‘n verbond gesluit het wat nie net die belofte van dié land ingesluit het nie, maar spesifiek ook die belofte van ‘n nageslag. Trouens, die Here sê baie spesifiek dat sy nageslag nie uit sy slawe sal kom nie: “*Een wat jou eie nasaat is, hy sal jou erfgenaam wees*”. Hy val egter vir die *versoeking* om méér te weet van hoé presies dié nageslag vir hom gegee sal word en vra vir ‘n teken. Die Here gee die teken vir hom met ‘n verbondsluiting, maar in die proses word Abram oorweldig deur ‘n groot angs wat woorde kry in die voorspelling van die Here dat daar ‘n groot tydperk van verdrukking vir sy mense voorlê. Die Here bevestig egter ook dat Hy sy verbond –

unilateraal, d.w.s. deur God se toedoen alleen – met hom en sy nageslag sal hou en die land vir hulle sal gee (Gen. 15).

Sarai wag nie op God se vervulling van sy belofte nie

Daarom is die opmerking in vers 1 so belangrik om die versoeking van Abram in dié verhaal te verstaan: "*Sarai het nog nie vir haar man Abram 'n kind in die wêreld gebring gehad nie.*"

Op die oppervlak lyk die voorstel van Sarai dat Abram by Hagar 'n kind moes verwek na 'n pragmatiese een. Daar was 'n wydverspreide gebruik in die Ou Nabye Ooste dat 'n vrou haar slavin vir haar man kon gee om by haar "*in te gaan*" – 'n eufemisme vir geslagsgemeenskap – sodat sy beheer oor die kind wat dan gebore sou word, kon hê, eerder as dat haar man 'n ander vrou neem wat dan 'n teenstander kon word. Sarai dink dus prakties.

As 'n mens egter dieper kyk, is dit 'n reusefout. In die eerste plek is dit duidelik dat sy die Here nie raadpleeg nie, maar eenvoudig aanvaar dat: "*die Here het my nou eenmaal daarvan weerhou om kinders te kan hê.*" Sy wag dus nie op die uitkoms van die Here se belofte van 'n nageslag nie. Sy plaas nie haar vertroue op die belofte nie. In die tweede plek stem Abram met Sarai saam en: "*eet van die verbode vrug*", soos Adam in die paradys, by wyse van spreke. Dit is asof 'n mens Genesis 3 se versoeking weer voor jou oë sien afspeel.

Abram vertrou nie op God vir die vervulling van sy belofte nie

Abram vertrou ook nie op die belofte van die Here nie, al het hy kort tevore die wonderlike gesig van die Here se verbondsluiting gehad en het die Here eksplisiet gesê hy sal sy eie nasaat hê, uiteraard by sy eie vrou, al word dit nie eksplisiet gesê nie. Dit sou egter nie uit sy slawe wees nie …

Hierdie gebrek aan vertroue word met die Hebreeuse frase: "*hy het geluister na die stem van sy vrou*", uitgedruk. In Afrikaans word dit vertaal met "*hy het saamgestem met sy vrou*". Dié frase word net een ander keer in Genesis gebruik. In Genesis 3:17 word Adam verwyt dat hy: "*geluister het na die stem van jou vrou.*" Soos Adam val Abram dus in die slaggat van 'n gebrek aan vertroue, soos dit inderdaad natuurlik ook van Eva en Sarai die geval is. Nie een van hulle vertrou die woord van God wat in die gedaante van 'n verbod (Genesis 2-3) en 'n belofte (Genesis 12-15) kom nie.

Poligamie bedreig die geloofsgemeenskap

Die gevolge van hierdie gebrek aan vertroue is net so reusagtig groot. Waar poligamie tot dusver net in die nageslag van Kain beskryf is – Ada en Silla (Gen. 4:19) – skiet Sarai en Abram met hierdie keuse die hele idee van die monogame verbintenis tussen een man en een vrou in die voet. Sarai en Abram laat 'n "*heidense*" gebruik posvat in die geloofsfamilie wat tot groot sedelike verval deur die loop van die geskiedenis van Israel sou lei.

Daarmee skep hulle natuurlik ook ‘n groot uitdaging vir hulleself in terme van die onderlinge verhoudinge, iets wat nié Sarai óf Abram met enige grasie kon hanteer nie, tot groot skade vir Hagar en haar kind, sowel as vir hulle almal in terme van die inherente konflik wat hiermee in die hele Ou Nabye Ooste geskep sou word tussen Israel en die Arabiere.

Poligamie sou ‘n uitdaging vir die geloofsgemeenskap bly vir die volgende millenium, soos ons dit in die verhaal van Jakob, Moses, Dawid, Salomo en die meeste van die konings van Israel en Juda sou aantref. Nog erger, die konflik tussen Israel en die Arabiere het nooit opgehou nie …

Terloops: *poligamie* is die gebruik om meer as een vrou te neem, wat onderskei moet word van *poliandrie*, die gebruik om meer as een man te neem, soos ook in sommige gemeenskappe voorkom.

Van die profete en veral in die wysheidsliteratuur sou die ideaal van een man en vrou in die huwelik van tyd tot tyd voorhou, maar met min effek op die geloofsgemeenskap, soos ons dit veral in die ryker en magtiger dele van die geloofsgemeenskap se praktyke raaksien.

Spreuke praat regdeur in die enkelvoud van die wonder van die huwelik: “*Jy het tog self ’n vrou, jy het tog self ’n put met water: drink die strome uit jou eie fontein.*” (Spr. 5:15,18). Die ma van koning Lemeul raai hom ook aan om nie sy kragte op baie vroue te verspil nie, maar een knap vrou te soek, te kies en te trou (Spr. 31). Jou “*eie*” vrou (Spr. 5:18) staan teenoor die verleiding van die “*ander*” en/of “*slegte*” vrou (Spr. 5:20; 6:24, 29, 34; 7:5,10 vv.), waarmee owerspel en prostitusie sowel as poligamie afgewys word, hoewel laasgenoemde steeds moontlik was en op grond van wetgewing gereël is (Lev. 18-20).

Só is die boek Hooglied ook ‘n verheerliking van die eksklusiewe en interafhanklike liefde tussen een man en een vrou.

Maleagi roep die volk op om erns te maak met die skeppingsbedoeling van God met die huwelik. Dit is die enigste manier waarop die huwelik die basis kan raak vir ‘n veilige omgewing waarbinne kinders tot eer van God groot gemaak kan word: “*Die Here het man en vrou een gemaak, een in liggaam en gees. En waarom een? Omdat Hy wil hê dat daar ’n nageslag moet wees, wat Hom eer. Beheers julle, moenie ontrou wees aan die vrou met wie jy van jou jeug af getroud is nie.*” (Mal. 2:15).

Die monogame huwelik sou egter eers in die NT met Jesus en Paulus se aandrang daarop herstel word in die geloofsgemeenskap ten spyte van die profetiese besware teen poligamie en die riglyne van die wysheidsliteratuur.

Jesus praat regdeur van die huwelik as ‘n verbintenis tussen een man en een vrou. Hy haal in Matteus 19 bv. uit albei skeppingsverhale in Genesis 1 en 2 aan: “*Het julle nie gelees dat die Skepper hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie?* (Gen. 1:27). *Daarby het Hy gesê: ‘Daarom sal ’n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe en hulle*

twee sal een wees.' (Gen. 2:24). *Hulle is dus nie meer twee nie, maar een. Wat God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie.*" (Matt. 19:4-6).

Paulus volg Jesus na en spel dit as norm uit. In die kerk: "*behoort elke man sy eie vrou te hê en elke vrou haar eie man*" (1 Kor. 7:2), hoewel Paulus ook ruimte laat vir ongetroudes wat ter wille van die verbintenis aan die koms van die koninkryk téén die huwelik kies (1 Kor. 7:8). Dit is ook hoe Jesus dit gedoen het met sy beskrywing van drie kategorieë *eunugs* (dit is die Griekse woord wat vertaal word met die frase "*wat nie kan trou nie*" in die NAV): "*Daar is mense wat nie kan trou nie omdat hulle van hulle geboorte af so is, ander is deur mense so gemaak, en ander het self so gekies ter wille van die koninkryk van die hemel. Wie dit kan doen, laat hy dit doen.*" (Matt. 19:12).

Dit is interessant hoe Paulus moeite doen om spesifiek monogamiteit as norm vir die leiers van die geloofsgemeenskap uit te spel, al het hy die algemene norm al in sy Korintiërbrief vir alle gelowiges eergelê. Hy sê in 1 Tim. 3:2 en 12: "'*n Ouderling moet onberispelik wees, getrou aan sy vrou … 'n Diaken moet aan sy vrou getrou wees en sy kinders en sy eie huisgesin goed beheer.*" (vgl. ook Tit. 1:6). Dit getuig waarskynlik van die feit dat dit 'n tyd geneem het vir die geloofsgemeenskap om aan dié norm gehoorsaam te word.

Die Engel van die Here beredder die onverkwiklike situasie

Ek het meer aandag gegee aan Sarai en Abram se hantering van die situasie. 'n Mens kan natuurlik die verhaal ook uit die hoek van Hagar beskou, want nie net word daar meer aandag aan haar gegee in die hoofstuk nie, maar sy is ook duidelik die een wat God se aandag vang. My tyd en ruimte is egter beperk om veel meer te skryf! Daarom net die volgende paar opmerkings.

Hagar se gehoorsaamheid aan die Engel van die Here staan in skrille kontras met die ongehoorsaamheid van Sarai aan die belofte van die Here, sowel as die gebrek aan vertroue van Abram aan die stem van die Here in hoofstuk 15.

Sy ontvang 'n soortgelyke belofte as Abram dat haar seun Ismael – let op dat Abram dié naam aan sy seun gee op grond van die getuienis van Hagar – 'n groot nasie sal wees, maar daarmee saam dat hy die vader van 'n weerbarstige en vyandige nasie sal wees: "*so ontembaar soos 'n wildedonkie: hy sal teen almal wees, en almal sal teen hom wees.*" (Gen. 16:12).

Hagar se ervaring met God en haar verwoording van wie God is, is 'n roerende diep kykie in God se hart. "*U is 'n God wat my sien, hier het ek Hom gesien wat my gesien het.*" (Gen. 16:13). Let op die wederkerigheid, maar ook afhanklikheid van haar ervaring. Dit is God wat haar gesien het. Dit is Hy wat eerste gereageer het op haar nood. Maar, Hy het toegelaat dat sy Hom sien wat haar gesien het. Hy het haar ingelaat by wat Hy met haar en haar ongebore kind wou doen, ook nie net vir die huidige krisis waarin sy haar bevind het nie, maar vir die verre toekoms.

Haar opdrag om terug te gaan en haar te gaan onderwerp – veral met ‘n seun wat ‘n ontembare wildedonkie sou wees! – getuig van ‘n groot geloofsheldin se vasgryp aan God se toekoms vir haar, selfs al kos dit haar byna haar lewe.

Dit laat ook die vraag oop of dié kind nie miskien tog die beloofde nasaat sou wees nie. Tot Abram se krediet het hy hierdie keer reg opgetree en hulle skuiling en veiligheid gebied. Sy erkenning van Ismael het enige teëspraak verhoed.

Boodskap

Ek lees dié week weer hierdie aanhaling: “*The authority of the Scripture is experienced through its capacity to give us a purchase on the world we inhabit. The whole point of thinking by reading Scripture (always in dialogue with tradition) is to understand ourselves where we are.*” – Oliver O’Donovan (Church in Crisis).

Dit kom ooreen met my eie aanpak van die lees van die Bybel, om dit as ‘n analogie – as ‘n voorbeeld, as ‘n illustrasie – te gebruik vir my eie pad met God en die beloftes wat Hy vir my gegee het. Die diepste woord uit hierdie gedeelte aan my is dat God dit regkry om midde in die geharwar van dié drie karakters sy verhaal met die wêreld nie in gedrang te laat bring nie.

Sarai het dit amper reggekry om van Hagar met haar seun Ismael ontslae te raak. Die gevolge van haar ongehoorsaamheid en gebrek aan vertroue het tot vandag toe nog ‘n enorme effek in die lewe van mense soos ons eintlik daagliks kan lees in verhale van die die eeue-lange konflik in die Midde-Ooste tussen nasies, iets wat natuurlik uiteindelik waar is van alle nasies op hierdie aarde.

Tóg laat God Hom nie van stryk bring daardeur nie, en seën selfs die halsstarrige Sarai presies soos Hy belowe het. God se beloftes is onberoulik. Al sukkel Sarai en Abram selfs in hulle verhouding – dit lyk asof sy hom doodgewoon hiet en gebied na willekeur – en al lyk dit asof hulle op die oog af nie die beste materiaal is om enige nasie mee te begin nie – laat staan nog ‘n geloofsgemeenskap waaruit die Messias gebore moet word – en al is hulle oud en ’n bietjie afgeleef, en al het hulle ouers en voorouers heidense gode gedien, en al sukkel hullle om volledig op God te vertrou – God maak sy belofte aan hulle waar!

God kies hulle en stap enduit die pad met hulle, ironies genoeg deur vir hulle ’n kind te gee wie se naam “*lag*” beteken, Isak, soos ons later sal lees. Want die geheim van nasiebou lê nie in Abram en Sara opgesluit nie. Dit lê in God opgesluit. In ’n besondere sin wys God daarmee dat sy keuse vir mense nie afhang van wie hulle is nie, maar van wat Hy beplan. Dieselfde geld vir Hagar … en vir jou.

Genesis 17 – Lewe naby My en wees onberispelik

Hoofstuk 17 en 18 is verbind aan mekaar deur twee verskynings van die Here aan Abram kort na mekaar in sy nege en negentigste jaar, dertien jaar ná die vorige episode met Hagar en Ismael.

Met die eerste verskyning in hoofstuk 17 herbevestig die Here sy verbond met Abram, hierdie keer met die teken van die besnydenis en verander sy naam na Abraham. Die twee name is eintlik variante van mekaar: "*vader van vele*", en is net betekenisvol omdat dit aan die belofte verbind word dat hy die: "*vader van 'n menigte nasies*" sal wees. Ook Sarai se naam verander na Sara. Weereens is die twee name variante van mekaar: "*prinses*", en is net betekenisvol omdat dit verbind word aan die eerste direkte belofte aan haar dat die nageslag uit haar gebore sal word.

Met die tweede verskyning in hoofstuk 18 herbevestig die Here in die gedaante van drie persone sy belofte aan Abraham en Sara van 'n nageslag, dié keer met 'n definitiewe datum daaraan gekoppel en lig Abraham in oor wat die Here met Sodom en Gomorra gaan doen.

Lewe naby My en wees onberispelik

God gebruik die lewe van Noag as 'n voorbeeld vir Abram soos 'n mens kan sien in die ooreenkoms van die beskrywing van Noag se lewe met God wat hier as 'n opdrag deurgegee word aan Abraham: "***Lewe naby My en wees onberispelik***". "*Onberispelik*" is hier 'n beter vertaling van die Hebreeuse woord *tā·mîm* wat in die NAV vertaling as: "*opreg*" weergegee word. Vergelyk die opdrag aan Abram met die beskrywing van Noag: "*Onder sy tydgenote was hy onberispelik en hy het naby God geleef*". (Gen. 6:9). Dit kom ook ooreen met die beskrywing van die lewe van Henog (Gen. 5:24).

Om naby God te leef – om met Hom te wandel, soos dit ook vertaal kan word – is een van die wonderlikste werklikhede wat vir elkeen wat hom- of haarself 'n gelowige noem beskikbaar is, soos Miga baie jare later sou sê: "*wat vra die Here van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te* ***wandel met jou God****?*" (Mig. 6:8). Luther sou dié frase met die bekende Latynse *coram Deo* in sy lewensveranderende traktaatjie *The Babylonian Captivity of the Church*, weergee wat in 1520 tot 'n wydverspreide herlewing as deel van die Hervorming aanleiding gegee het.

Maar, dan vra dit 'n doelgerigte fokus om "*onberispelik*" in jou lewenswandel te wees, sodat dit God waardig kan wees. Soos Psalm 119:1 sê: "*Dit gaan goed met dié wat onberispelik lewe, dié wat wandel volgens die woord van die Here.*" God vra dus van Abram om net so moreel blaamloos en in gedrag onberispelik te lewe soos wat Noag dit voor hom gedoen het.

Dit sluit in om te doen wat reg is en met 'n mens se hele hart die waarheid te praat (Ps. 15:2). Dit beteken dat 'n mens jou weerhou van opsetlike sondes en nie toelaat dat dit oor

jou heers nie (Ps. 19:14). Dit is dan wat 'n mens kan staatmaak op God se beskerming (Spr. 2:7, 21; 11:20). God het ons immers: "*uitverkies om heilig en onberispelik* (*amōmos* – moreel gesproke blaamloos) *voor Hom te wees*," soos Paulus in die NT in Efesiërs 5:27 verkondig, veral uitgespel in terme van gedrag (Tit. 1:6 – *anenklētos* – sonder beskuldiging, dw.s. blaamloos).

God se verbond sluit 'n nageslag en 'n grondgebied in

Die verbondsluiting word herhaal om nie net nog duideliker uit te spel wat die voordele daarvan vir Abraham en sy nageslag sal wees nie – d.w.s 'n "*menigte nasies*" en die hele land *Kanaän* (die eerste keer wat dit gespesifiseer word) – maar om ook twee ekstra dinge te beklemtoon: die *blywende* karakter daarvan en die *besnydenis* as teken van die verbond.

Waar Noag die reënboog in die hemel gekry het as teken van die verbond, kry Abraham die besnydenis van elke manlike nasaat as teken van die verbond.

Die reënboog is iets wat God op 'n natuurlike wyse laat verskyn as 'n teken van sy verbintenis aan die aarde. Dit is eintlik 'n herinneringsteken vir God self. Elke keer wat die reënboog op aarde sou verskyn, sou dit God herinner daaraan dat Hy die aarde en sy mense genadig moet wees.

Die besnydenis darenteen is iets wat van Abraham gevra word as verbintenis aan die verbond. Met elke manlike geboorte sou dit die geloofsgemeenskap herinner aan hulle blywende verbintenis aan God. Net so permanent as wat die besnydenis in die vlees van elke man sou wees, so permanent is die verbintenis aan God in die verbond wat Hy met hulle gesluit het.

Trouens, elke keer wat 'n man met 'n vrou gemeenskap sou hê, sou die besnydenisteken hulle herinner aan die feit dat God van hulle vra dat hulle naby Hom en onberispelik moet leef. 'n Kragtige herinnering nie net aan 'n moreel-etiese lewe binne die uitdagings van die Kanaänitiese afvallige seksuele praktyke nie, maar ook 'n herinnering daaraan dat hulle onberispelik voor God moet leef.

Dit is interessant dat die Joodse skrywer Philo, 'n tydgenoot van Jesus en Paulus, vier redes lys waarom die besnydenis as teken gekies is. Dit was volgens hom vir: 1) gesondheid, 2) reinheid, 3) 'n herinnering aan voortplanting en 4) vrugbaarheid (Special Laws). Hy lys dan twee redes wat sy eie denke verteenwoordig, maar wat hy as die mees belangrike beskou:

- eerstens om die volk op 'n simboliese manier te leer dat hulle wellus moet vermy en hulle gedagtes rondom seks moet beheer;
- tweedens om die volk te leer dat 'n mens nie geestelik volmaak kan word as jy nie alle boosheid uit jou hart weer nie.

Uiteraard het dié teken dus om baie meer gegaan as net die moreel-onberispelike seksuele lewe wat daarmee van die volk gevra is. Dit het oor die hele wandel met God gegaan. Reeds in Deuteronomium word die besnydenis as ‘n teken van ‘n dieper geestelike realiteit gebruik – die besnydenis van die hart – wat dui op ‘n onberispelike gehoorsaamheid aan die wet en Woord van God (Deut. 10:16; 30:6), iets waarop Jeremia (Jer. 4:4; 9:25) en later Paulus ook klem gelê het, met spesifieke verwysing na Abraham (Rom. 2:28-29; 4:11-12; 1 Kor. 7:19: “*Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die onderhouding van die gebooie van God*”; Gal. 5:6,11; 6:15; Fil. 3:3: “*Want óns is die besnydenis, ons wat God in die Gees dien en in Christus Jesus roem en nie op die vlees vertrou nie.*”).

Abraham vind die belofte uiters onwaarskynlik

Abraham vind die belofte uiters onwaarskynlik vanweë hulle ouderdom en dink steeds dat Ismael die enigste moontlike uitkoms vir hulle sal wees. Die Here herhaal egter sy belofte sonder om Abraham te erg tereg te wys en belowe dat Isak oor ‘n jaar vir hulle gebore sal word. God sal só sy verbond nakom as ‘n bevestiging aan Abraham dat hy God kan vertrou.

Tot Abraham se krediet gehoorsaam hy die Here en vat “op daardie selfde dag” alle manlike lede van sy uitgebreide huishouding, slawe ingesluit, en laat hulle almal besny. Abraham is self ook besny. En daarmee het die die afwagting vir die vervulling begin wat ‘n jaar later ‘n werklikheid geword het

Genesis 18 – Abraham se gasvryheid sluit die lewe vir almal oop

Ek wil vandag ‘n bietjie anders kyk na dié belangrike verhaal in Genesis. Soos Wenham sê, dit is die bes beskryfde 24 uur tydperk in die hele boek van Genesis. Dit gee ons ‘n besondere kykie in die ontwikkeling van die verhouding tussen God en sy mense. Dit steek die hoop in ons aan dat ons op dieselfde wyse in ons eie verhouding met God kan groei, nie net in terme van die seën wat dit vir onsself bring nie, maar veral ook in terme van die impak wat dit in die wêreld kan hê.

Ek gaan daarom Abram se gasvryheid wat hy so oorvloedig demonstreer in dié verhaal as sleutel gebruik om die verhaal se betekenis te ontsluit. En ‘n deel van ‘n preek wat ek oor dié gedeelte gelewer het in die gemeente Bergsig in Natal, watter wonderlike plek! Geniet!

Drie figure in die dynserigheid

Dis warm. Die bokke staan in mekaar se skaduwee. Die beeste beweeg net hulle kake om te herkou. Die skaduwees is kort. Dis die warmste deel van die dag.

Abraham sit-slaap in die trek van sy oop tentdeur. Hy staar slaperig uit oor die woestyn. Die hitte slaan golwe oor die duine. ‘n Beweging trek sy aandag. Drie figure staan skielik in die dynserigheid

Abraham is nog gevoelig. Hy is kort tevore besny. Waar sou die drie mans so skielik vandaan kom? Hy het nie goed genoeg opgelet nie.

Sonder om te huiwer, staan Abraham egter dadelik op, draf na hulle toe en buig neer voor hulle:

"Menere, doen my die guns.
Moenie net verby gaan nie.
Laat ek eers 'n bietjie water gaan haal en julle voete was.
Kom rus hier onder my boom.
***U is nou eenmaal hier** en ek wil darem vir julle 'n stukkie brood gaan haal sodat julle weer nuwe krag kan kry vir die pad wat voorlê."*

Die drie mans huiwer ook nie. *"Goed! Maak so!"*

Abraham skarrel in die tent in na Sara en sê vir haar: *"Bak vir ons roosterkoeke, sommer 16 kg s'n."* Dis meer as 64 koppies meel, meer as 'n honderd roosterkoeke!

Abraham draf buitentoe na die beeste en vat 'n mooi jong kalf. Hy gee dit vir 'n slaaf om te slag en gaar te maak. Die beste en sagste vleis wat hy het – omtrent 'n 100 kg.

Abraham vat botter en melk, die roosterkoeke en die kalfsvleis en sit dit voor die mans neer en bedien hulle self.

Daar onder die boom in die warmste deel van die dag het die drie mans geëet, terwyl hy hulle bedien.

Oor 'n jaar sal jou vrou Sara 'n seun hê

Dan maak die verhaal 'n wending. Die mans vra na sy vrou en maak 'n belofte: *"oor 'n jaar sal jou vrou Sara 'n seun hê"*.

Skielik besef Abraham, dis die Here wat nou met hom praat. Sy gasvryheid het in 'n ontmoeting met die Here verander! Hy hou 'n braai vir die Here!

In die ontmoeting doen die Here 'n wonderlike ding. Hy bring vir Abraham en Sara weer bymekaar uit. 24 jaar al wag hulle vir die kind van die belofte. Sara het al vir Abraham haar slavin Hagar gegee om deur haar 'n kind te hê. Maar dit het net verwydering gebring.

Geen wonder dat Sara by haarself lag en dink: *"Sal ek nog genot kan hê noudat ek afgeleef is? En dit met my man wat oud is?"*

Maar die Here maak 'n belofte vir 'n spesifieke tyd. Oor 'n jaar sal jou vrou 'n seun hê.

En dit was ook só.

Dan skuif die verhaal na die wêreld

As Abraham saam stap om die Here af te sien, dan begin die Here vir Hom intrek in sy planne vir die wêreld, spesifiek dié vir Sodom en Gomorra. Trouens, in die Hebreeuse teks staan dit duidelik dat God "*voor Abraham*" gaan staan, soos Abram kort tevore gevra is om "*voor God*" te lewe (vgl. Gen. 17:1 met Gen. 18:22)! Dit is waarskynlik die diepste boodskap van die hele boek Genesis, dat God nie net van ons vra om naby Hom te lewe nie, maar dat Hy inderdaad naby aan ons kom.

Dit is dan ook die rede waarom Abraham toegelaat word om 'n medewerker van God in sy gebed vir die regverdiges in daardie bose plekke Sodom en Gomorra te word, want Abraham lewe naby God en God is naby Abraham.

Vir 'n tweede keer word Abraham se broerskind Lot saam met sy familie gered. In Genesis 14 was dit van die ontvoering deur die Mesopotamiese konings. Hier is dit van die "*oordeel*" van God oor Sodom en Gomorra. Dié God verlate plek word vandag geïdentifiseer met die gebiede van die Dooie See.

Vir dieperdelwers: lees wat God se visie vir die toekoms is in Esegiël 47 en Openbaring 22.

Boodskap

Die verhale in Genesis het almal 'n besondere openbaringskarakter. Dit help ons om diep na te dink oor die lewe, oor God, oor menswees en oor wat regtig belangrik is in dié lewe. Dit sluit vir ons die betekenis van ons menswees oop en nooi ons uit om op die belangrike dinge te konsentreer.

Genesis 18 wys vir ons hoe gasvryheid 'n sleutel is tot 'n diep verhouding met God, 'n herstelde verhouding met mekaar en 'n lewensveranderende verhouding met die wêreld.

Gasvryheid is nie maar 'n toevallige ding wat sommige kan doen en ander kan nalaat nie. Dit het nie net met jou persoonlikheid te make nie, maar met die diepste dele van jou menswees.

Groei na God toe

U is nou eenmaal hier – mense kom nie per toeval oor ons pad nie. Daar is 'n stuk voorsienigheid in die gebeure van elke dag, wat ons moet aangryp.

Abraham se huis is nie net vier mure teen die wind nie. Nee, dit het 'n oop deur na die mense wat moontlik oor sy pad kan kom. Sy lewe draai nie net om die beveiliging van sy eie nie. Hy vra nie net Here beskerm my, Here gee vir my om nie. Nee, Hy lewe na buitentoe. Here, U is in alles, ook in die gebeure van elke dag. U kom oor my pad in die ontmoetings met mense wat U oor my pad stuur. Ek wag daarvoor Here, stuur die ontmoetings oor my pad!

Hoekom? Want Abraham weet, ons groei nie na God net deur ons stiltetyd of deur die erediens of deur een of ander godsdiensoefening nie. Nee, God is in elke uur van elke

dag. Hy is in die lewe en terwyl die lewe gebeur, kom daar ontmoetings met God, nie net in die Bybel nie, maar in die mense wat nou maar eenmaal oor ons pad kom. Ons groei na God toe in ons oop tentdeure in die woestyn.

Jesus hak hierby aan in sy profetiese rede oor die laaste oordeel. Hy sê vir die skape aan sy regterkant:

"Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit, want … Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; Vir sover hulle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen." (Matt. 25:34-35, 40).

Die Hebreërskrywer doen dieselfde:

"Moenie nalaat om gasvry te wees nie, want deur gasvry te wees, het sommige mense sonder dat hulle dit geweet het, engele as gaste gehuisves." (Hebr. 13:2).

Lukas herinner ons aan die twee op pad na Emmaus wat by die vreemdeling wat aan hulle verskyn, aandring om by hulle oor te bly en dan agterkom dat dit al die tyd Jesus was by hulle!

"Het ons harte nie warm geword toe Hy op die pad met ons gepraat en vir ons die Skrif uitgelê het nie?" (Luk. 24:32).

Niks gebeur net per toeval nie! Hoe gepas was die gasvryheid van Abraham nie … as jy aan die einde van die verhaal terugkyk! As jy geweet het God besoek jou in die onderbreking van jou middagslapie, sou jy gehardloop het en nog meer kos gaar gemaak het as Abraham … as jy maar net geweet het!

En dis die eerste punt van dié verhaal. Gasvryheid is die deur na 'n ontmoeting met God! Ons groei na God toe deur gasvryheid te betoon aan die onderbrekings op ons pad! Die deur na God maak oop die oomblik as jy vir iemand sê wat jou dag onderbreek: *"Jy is nou eenmaal hier …"* en wie weet waarheen die deur jou sal lei?

Groei na mekaar toe

Maar gasvryheid het nie net betekenis vir ons verhouding met God nie. Dit het ook 'n direkte impak op ons verhouding met mekaar. Die verhaal van Abraham sê vir ons, dat daar iets besonders met ons gebeur wanneer ons ons lewens oopmaak vir die vreemdelinge op ons pad. Ons eie intieme verhoudings word deur die Here heelgemaak, as ons die vreemdeling op ons pad raaksien en met gasvryheid ontvang!

En die wonder van dié verhaal, is dat die Here selfs die kleinste stukkie gasvryheid raaksien!

Kyk, Sara staan hier nie juis as ‘n model van geloof nie. Sy lag oor die voorstel van die Here. Sy wonder, sal sy nog plesier kan hê? Sal haar man nog dié plesier vir haar kan gee? En ‘n kind op haar ouderdom?

Maar dis juis dié man van haar, wat die eerste heling bring. Abraham se gasvryheid breek ‘n deur oop vir hulle albei se verhouding ten spyte van haar ongeloof!

Maar dan raak sy self betrokke. Sy raak by die gasvryheid betrokke en bak die roosterkoeke!

Ek kan só identifiseer met Sara en haar werklikheidsvisie. Dis klaar met ons en dit is al! En haar dromer-man? Hý én sý is oor die muur en dit is al.

Maar sy bak darem die roosterkoeke. Sy skeep nie die vreemdelinge af nie … en die wonder van God se teenwoordigheid in dié vreemdelinge sluit haar ook in!

Vir God is niks te buitengewoon nie en Hy maak hulle verhouding heel, plesier en peuter en al. Vir die brood in die oond, gee die Here vir haar ‘n kind en bevredig haar diepste begeerte na ‘n nageslag en skep vir haar en Abraham ‘n ruimte om hulle huweliksliefde te kan laat groei tot ouerliefde.

O – dat ons nooit die geleentheid sal laat verbygaan om vir iemand wat oor ons pad kom, iets goeds te doen nie. Ter wille van God, maar ook ter wille van onsself. Dit is saliger om te gee as om te ontvang. Maar dan ontvang ‘n mens ook weer soveel van God, dat die dankbaarheid jou ook weer motiveer om weer te gee en weer en weer … dis die lewe!

Groei na die wêreld toe

Maar dis nog nie al nie! Dié gasvryheid het nog wyer implikasies as die verhouding met God en met mekaar. Dit raak die hele wêreld!

Dis interessant hoe die verhaal met die aankondiging van ‘n kind, ‘n heel ander pas aanneem. Waar dit Abraham was wat rond gehardloop het en reggemaak het en gaan staan het onder die boom om God te bedien, verdiep die gesprek tot ‘n intieme vriendskapsverhouding.

Die teks sê eintlik dat as Abraham die drie vreemdelinge gaan afsien op pad die woestyn in, God voor Abraham gaan staan en intrek in ‘n merkwaardige verhaal van medewerking vir die wêreld.

Die agenda is nie meer net die verhouding met God of die verhouding met Sara nie. Nee, die agenda omsluit nou die hele wêreld. God deel met Abraham wat Hy gaan doen met Sodom en Gomorra en lok Abraham uit om saam te gesels en erken Abraham se bydraes.

Abraham se gasvryheid het dus baie meer implikasies as wat hy ooit kon besef het met die eerste draffie die son in om ‘n driemanskap te onthaal. Sy lewe word onherroeplik verbind

aan wat in die wêreld gebeur. Gasvryheid lei tot God, lei tot geloof, lei tot gemeenskap, lei tot gebed en lei tot verhoring van gebed.

Daarom dat die Nuwe Testament uiteindelik so vol is van oproepe na gasvryheid. Want dit is die beginsel van die nuwe lewe. En die basis daarvan is vriendskapsliefde.

- *Romeine 12:13 gee die omvattende liefdesbeginsel: "Help die medegelowiges in hulle nood en lê julle toe op gasvryheid (philoxenia – vriendskapsliefde vir vreemdelinge)."*
- *Kolossense 4:10 spits dit toe op evangeliebedienaars: "Aristargos, wat hier saam met my gevange sit, stuur vir julle groete; ook Markus, die neef van Barnabas. Oor hom het julle reeds opdragte gekry: as hy daar by julle kom, moet julle hom gasvry ontvang."*
- *1 Timoteus 3:2 pas dit toe op ouderlinge: "'n Ouderling moet onberispelik wees, getrou aan sy vrou, nugter, verstandig, beskaaf, gasvry en bekwaam om te onderrig;"*
- *Titus 1:8 brei uit oor die leiers: "Hy moet gasvry wees, lief vir wat goed is, verstandig, regverdig, vroom en selfbeheers."*
- *1 Petrus 4:9 herinner ons: "Wees gasvry teenoor mekaar sonder om te kla."*

Daar is niks meer opwindend as gasvryheid nie. Daar is niks meer avontuurlik as om die eerste draffie te gee na iemand wat oor jou pad kom nie.

En dis belangrik om te besef dat dié gasvryheid in die eerste plek bedoel is vir vreemdelinge! Daarom dat die woord gasvryheid letterlik beteken: vriendskapsliefde vir vreemdelinge. Gasvryheid beteken om in te nooi, om as gasheer op te tree teenoor iemand wat buite staan.

Pat Kiefert sê ons verval te maklik in 'n soort private intieme godsdiens. Ons gebruik die metafoor van 'n intieme familie en sluit daarmee mense uit wat nie deel van die familie is nie. En hoewel die kerk verseker met die beeld van familie beskrywe kan word, is dit nie net die intieme beeld van familie wat saamgevoeg in hulle huisie sit en beskerm word teen die koue en die gevare nie, maar ook die beeld van 'n Abraham wat met sy oop tent sit en drie vreemdelinge ontvang in sy familiekring. Geen wonder dat Hy God op dié manier ontmoet het nie, want dít is die tipe gasvrye God wat ons het!

Gasvryheid is 'n kultuur van uitreik na die wêreld. Dit is die wyse waarop ons ons liefde aan ander bekend maak. Dit is die ontmoetingspunt tussen mens en God en mens en medemens. Dit is die helingsmoment wat vervreemding in vriendskap laat verander.

Dink net as ons die beste wat ons het kan netwerk met die slegste wat ons het! Die meeste met die minste! Die siekste met die gesondste! Die oudste met die jongste! Die vinnigste met die stadigste! Die rykste met die armste! Die slimste met die domste!

My droom is dat die kerk ‘n plek sal word waarvandaan ons gaan lewe daarbuite eerder as ‘n plek waarnatoe ons kom om te lewe. Die kerk moet my help om nader te groei aan mense daarbuite en nie net nader te groei aan mense hierbinne nie. En om dít te doen, moet elkeen van ons aktiewe netwerkers word.

Ons moet mense intrek in ons kring en hulle blootstel en inlei in verhoudings met ander mense en met die Here. En die ideale manier, is deur ons gasvryheid. Die Nuwe Testament maak geweldig baie van die prinsipiële radikale openheid wat ons teenoor alle mense moet handhaaf, veral teenoor diegene wat op die rand van die samelewing staan. Ons moet vreemdes deel van ons omgee-kultuur maak.

Groei dus na God, mekaar en die wêreld deur GASVRYHEID … dié week en elke week!

Ekskursus: Kan God van gedagte verander?

Na aanleiding van die verhaal van Sodom en Gomorra en Abraham se gebed vir die regverdiges, vra mense baie keer die vraag: “Kan God van gedagte verander?”

Die kort antwoord is die volgende, soos een kommentaar (Klein) skryf hieroor:

Daar is ‘n paradoks tussen God se vryheid, om van gedagte te kan verander, en God se betroubaarheid, om nie van gedagte te kan verander nie. Albei is tegelykertyd waar: God verander nie sy gedagte nie, en tog doen Hy dit!

Ek wil twee aspekte in my langer antwoord uitlig:

1. **God verander nooit in sy wese of karakter nie – Hy is onveranderlik in terme van bv. sy liefde en trou.** Vergelyk bv. Hosea 11:8: “Hoe kan Ek jou vernietig … Ek kan dit nie oor my hart kry nie. My liefde brand te sterk.”

2. **God kan wel van gedagte verander, omdat Hy in verhouding is met ons.** Dit sien ‘n mens bv. in die bekende Pottebakker verhaal in Jer 18. Soos klei in die hande van die pottebakker is, so is ons in God se hand. Wanneer Hy ‘n oordeel uitspreek en mense luister (is plooibaar soos klei), SIEN HY AF van die kwaad, en omgekeerd as Hy seën uitspreek en mense luister nie (is nie plooibaar soos klei nie), SIEN HY AF van die goeie wat Hy wou doen.

God verander dus van gedagte BINNE die verhouding met ons, soos ons ook onderling met mekaar werk, hoewel Hy nooit van karakter verander nie.

Vincent Brümmer (*What are we doing when we pray? On prayer and the nature of faith* – 2008 – een van die vorige Andrew Murray pryswenners) skryf hieroor en sê dat gebed eintlik die sleutel is om God se wese te verstaan (Ebeling se gedagtes).

“God gives us some things, not only as we wish, but because we wish.”

Dit beteken nie dat ons gebed God se arm draai nie, of dat dit outomaties gebeur nie, maar dat Hy in vryheid op ons versoeke reageer, omdat ons dit vra en Hy in verhouding is met ons.

Teenoor die statiese idee van God as onveranderlik, wys Vincent uit hoe gebed die verhouding tussen God en die bidder verander wat daardeur ‘n werklike veranderings effek op beide het. (On)veranderlikheid is altyd ‘n dinamiese begrip omdat dit ‘n onvolledige konsep is – God is onveranderlik in sy goedheid en getrouheid, maar veranderlik ten opsigte van gebeurlikhede. Anders sou hy nie ‘n persoon wees nie.

In ‘n besondere gedeelte in sy boek, *Asking an omniscient God*, sê hy die volgende.

Hy skiet die populêre gedagte van Boethius af dat God alwetend ten opsigte van die toekoms is, deur van buite ons realiteit, uit die ewigheid, na ons gebeure in tyd te kyk en dus te reageer op die gebeure soos dit gebeur, en dus nie voor die dinge gebeur nie. Dit maak nie logiese sin volgens Vincent nie, want ons ervaring van tyd sal dan ‘n illusie word. Selfs die verlede, hede en toekoms sal dan van God se perspektief een punt in tyd word en ononderskeibaar.

Vincent stel eerder voor dat God se alwetendheid ten opsigte van die toekoms gesien moet word as dat Hy te alle tye van alle toekoms moontlikhede bewus is, en ook die relatiewe waarskynlikheid van elke gebeurlikheid ken. Hy kan dus die toekoms antisipeer,

1. omdat Hy ons intensies ken, maar
2. ook sy eie bedoeling tot uitvoer kan bring.

Ten opsigte van die feit dat God ons behoeftes ken, kan ‘n mens aanvaar dat God baie van ons behoeftes vervul sonder dat ons vra, maar weens sy behoefte om met ons in ‘n verhouding te lewe, sommiges net gee omdat ons vra. Anders sou ons óf oorweldig wees deur die vervulling van ons onuitgesproke behoeftes óf bederf deur te dink dat ons behoeftes outomaties, sonder ‘n verhouding, bevredig word.

Hy sê ook volgende ongelooflike ding:

God se goedheid is die onderbou van die bidder se vertroue om te vra!

Daarvoor het die bidder die gawe van *enlightenment* (om sy wil te ken), *empowerment* (om sy wil te kan doen) en *taste for the good* (om sy wil uit liefde te doen) nodig. Hierdie trinitariese verklaring (*enlightenment* – ***Jesus***; *empowerment* – ***Vader***; *motivation* [soos hy dit verderaan noem] – ***Gees***) is kenmerkend van sy teologie.

Vincent gebruik ook John Lucas (Freedom and Grace) se briljante voorbeeld as ‘n metafoor vir gebed as samewerking tussen ons en God, dié van Persiese tapytmakers.

In elke familie werk die pa aan die eenkant en die kinders aan die ander kant. Die kinders faal baie keer daarin om presies te doen wat die pa sê, maar die pa is vaardig genoeg om sy patrone aan te pas om hulle foute te inkorporeer en in 'n fassinerende, konstant-ontwikkelende ontwerp te verander.

God se werk moet dus nie as 'n bloudruk verstaan word nie, maar eerder as 'n goddelike projek wat God ontwikkel in gemeenskap met menslike deelnemers. Dit het 'n effek op hoe ons die eskatologie sien – in stede van 'n vaste uitkoms, is die eschaton iets waaraan ons as medewerkers met God saamwerk.

Om terug te keer tot die vraag oor God se verandering van gedagte:

Numeri 23:19 sê wel van God die volgende: "*God is nie 'n mens dat Hy sou lieg nie, 'n mens dat Hy van gedagte sou verander nie.*" Maar daar moet ons onthou dat dit uit die mond van Bileam kom, wat nie gesagvol oor God 'n uitspraak kon lewer nie. Daarby interpreteer Bileam dit self, deur daaraan by te voeg: "*Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, iets belowe en dit nie uitvoer nie?"*

Dit beteken dat al wat Bileam sê, is dat God se woorde en sy dade ooreenstem, **Hy doen wat Hy sê**.

Dieselfde geld die gedeelte in 1 Samuel 15:29, waar Samuel die oordeel oor Saul se koningskap uitspreek en dit verbind aan God wat nie van gedagte verander nie, maar doen wat Hy sê. In 1 Samuel 13:15 sê Samuel immers dat God se plan eintlik was om Saul se koningskap vir altyd te bevestig het, maar omdat Saul nie gehoorsaam was nie, het Hy sy plan verander. Die frase "*nie van gedagte verander nie*" bedoel dus eintlik net, dat God doen wat Hy sê.

Daarteenoor, moet ons ook sê, soos Jeremia die gesagvolle profeet van die Here, God reageer ook op hoe mense na Hom luister of nie, en verander sy optrede in reaksie daarop.

DUS: Albei stellings is tegelykertyd waar: God verander nie sy gedagte nie, en tog doen Hy dit!